

9 Januarie

Johannes 15:1-8

Die boom word aan sy vrugte geken

Hoe het u die nuwe jaar ingegaan? Was dit met angs en vrees omdat alles vir u so donker

lyk?

Hoeveel jare is baie mense al in die kerk en in sy verbond opgeneem? Die hemelse Eienaar soek egter vrugte van dankbaarheid by elkeen van ons.

Hoeveel vrugte het u en ek die af gelope drie jaar opgelewer? Of kom ons bly maar net by 1998. Wat gaan ons daarop antwoord? Kom wees nou eerlik met uself. Antwoord u dalk GEEN VRUGTE? Maar put ons dan nie die grond uit nie?

Johannes 15:6: "As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en bly verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur en dit verbrand." In 1 Kor 15:58 moedig die skrywer elke Christen aan om standvastig, onwankelbaar, altyd oorfloedig voort te gaan in die werk van die Here. Die Apostels gee die rede: "...omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie." Dit is wat ons in vers 2 ook gelees het naamlik: "Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af, maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra." Ons is nog gespaar om 1999 in te gaan. Die hemelse Eienaar is baie lankmoedig en gee nog uitstel. Wat gaan ons doen met die genadetyd wat aan u en my in 1999 geskenk word?

Sing: Psalm 1:1,2

Ds. J. Kits (Carolina)